

Woensdag 6 Julie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11-25

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:21-25

Jy is vrygemaak om as hemelburger in Jesus se spoor te loop

In die tyd van Petrus se optrede het baie gelowiges in moeilike sosio-ekonomiese omstandighede geleef. Hulle was “vreemdelinge en bywoners” wat geen grondwetlike regte gehad het nie en juis daarom skaamteloos deur owerheidspersone en werkgewers uitgebuit is.

In sulke omstandighede loop ’n mens gevaar om aan jou ou natuur toe te gee en in gelyke munt te begin terugbetaal. Juis dit is die dringende appèl van hierdie gedeelte: die gelowiges moes weet dat hulle radikaal anders was as die ongelowiges tussen wie hulle gewoon het. Hulle burgerskap was nie op aarde nie, maar in die hemel. Johannes sou dit later baie mooi in sy eerste sendbrief uitspel (5:13): Wie in Jesus Christus glo, het reeds uit die dood in die lewe oorgegaan! Al was hulle dus veragte bywoners en vreemdelinge in die oë van die heidene, was hulle in werklikheid skatryk. Terwyl hulle in hulle goeie gedrag volhard het ten spyte van verontregting, het God Sêlf met waardering na hulle gekyk. Daar is selfs sprake van ’n “groot beloning” (Luk. 6:35)!

Ons leef ook in ’n land waarin baie weerlose mense onbillik deur gesagsdraers en werkgewers behandel word. Dalk is jy ook so ’n slagoffer. Maak seker dat jy met ’n vaste tred loop in die voetspoor wat Jesus voor jou uitgetrap het toe Hy, met jou sondes op sy skouers, deur die owerhede meer as net onbillik behandel is. In Jesaja 53 (en in ons fokusverse) word die lydende Jesus se “voetspoor” mooi uitgespel: ¹ Hy het nie leuens vertel nie; ² Hy het nie terug beledig nie; ³ Hy het die onregverdiges gesagsdraers nie gedreig nie; en ⁴ Hy het alles oorgelaat aan sy Vader wat regverdig oordeel.

Deur die unieke offer van Jesus Christus het Hy jou van jou ou Adamsnatuur losgekoop. Jy is vrygemaak om in die Goeie Herder se spoor te loop en God deur jou kinderlike gehoorsaamheid en goeie maniere in alle omstandighede te eer!

Sing: Psalm 23:1-3 (1936)

Ds. JJ (Koos) Cloete (Hermanus)